Saterdag 12 Desember
Skrifgedeelte: 2 Petrus 3
Fokusgedeelte: 2 Petrus 3:18 (AFR83/AFR2020)

## Groei in sy genade en kennis

In 'n wêreld vol afleidings en valse leringe roep 2 Petrus 3:18 ons op om aktief te "*groei in die genade en kennis van ons Here en Saligmaker*, *Jesus Christus*". Hierdie groei is nie passief nie, dit is 'n lewe gedryf deur 'n lewende verwagting. Die apostel Petrus waarsku teen dwaalleraars wat die koms van die Here ontken, maar ons as gelowiges mag, ja móét, die "dag van God" en die belofte van 'n nuwe hemel en aarde met verwagting tegemoetgaan.

Hierdie geloofsverwagting is ons motivering om vlekkeloos en onberispelik voor God te lewe, in vrede met Hom. Dit is *God se genade* wat ons opvoed om goddelose leefwyses en wêreldse begeertes te laat vaar, en om met selfbeheersing en godsvrug in die teenswoordige wêreld te lewe. Deur die verlossingswerk van Jesus Christus is ons skoongewas, en dit maak dat ons lewens dramaties anders lyk.

Ons groei en leef met die bewussyn dat God geduldig is en wag dat elkeen wat Hy gekies het, na Hom toe kom. Dit beteken ons moet ons beywer daarvoor om 'n verskil in ons omgewing te maak en die evangelie ywerig te verkondig, want slegs die evangelie red mense. Deur sy evangelie te verkondig, verhaas ons die koms van die Here. Mag ons verwagting ons lei om daagliks te groei in aksie en getuienis, sodat God se naam verheerlik word.

*Sing: Psalm 27-3:5, 6*

*Ds. HV (Henning) Venter (Windhoek)*